# BIOLOGIE-PROJEKTE

Biologie-projekte is 'n integrerende deel van die leerplan in Senior Biologie in die hoërskool. Dit is ook noodsaaklik dat dit só is, aangesien dit die leerling tot selfwerksaamheid motiveer. Daar is egter die probleem dat veral dié leerlinge wat ver van groter sentrums is, moeite ondervind om die nodige agtergrondskennis oor hul onderskeie onderwerpe in die hande te kry. Die noodwendige gevolg hiervan is dat die ouers dikwels 'n handjie bysit - en daarmee die groot doel van die Projekgedagte verydel.

Ná oorleg met die Onderwysdepartement van die O.V.S. het die Nasionale Museum besluit om 'n algemene handleiding daar te stel. Hierdie handleiding sal bestaan uit 'n reeks artikels wat in pamfletvorm onder die titel PRAKTIKUM gepubliseer sal word. Die reeks is daarop gemik om praktiese wenke te gee oor 'n verskeidenheid van onderwerpe, bv. die maak van versamelings van plante en diere, die opbou van 'n klasmuseum, ekologiese studies en gedragstudies, en dies meer. Die artikels sal ryklik toegelig word met foto's en tekeninge om elke aspek van sodanige projekte te illustreer, sodat die leerling dit met die mins moontlike hulp kan verstaan en toepas.

Die eerste paar artikels van PRAKTIKUM word tans voorberei. Die eerste handel oor algemene versamelmetodes, hoe om eksemplare te bewaar en hoe om elkeen te identifiseer. Die volgende paar artikels handel meer spesifiek oor die versameling van insekte en hoe hulle daarna behandel word. Verdere artikels sal handel oor die versameling van kleiner soogdiere en die voorbereiding van studievelle van voëls en soogdiere asook die opstop van kleiner diere. Wenke oor ander onderwerpe wat behandel behoort te word, sal baie welkom wees.

PRAKTIKUM sal gratis aan alle hoër- en laerskole in die Vrystaat beskikbaar gestel word. Individue wat graag die publikasie wil ontvang, hoef ook nie daarvoor te betaal nie. Stuur net u volledige naam en posadres aan die onderstaande adres:

PRAKTIKUM
p/a Die Nasionale Museum
Posbus 266
Bloemfontein 9300

Praktikum word aanvanklik slegs in Afrikaans beskikbaar gestel maar sal mettertyd ook in Engels verkrygbaar wees.



Fossielspore, dit wil sê die spore van diere wat nie meer vandag op die aarde voorkom nie, kan belangrike inligting verskaf oor presies hoe die betrokke diere geloop het en is dus van groot waarde in die rekonstruksie van hierdie diere. In Suider-Afrika is veral dinosourusspore bekend. Die bekendste is seker dié in Leribé (Lesotho), wat ongeveer 200 miljoen jaar oud is, en die ander reeks spore naby Kalkfeld in Suidwes-Afrika. 'n Paar van die Kalkfeld-spore is onlangs deur twee personeellede van die Museum afgegiet (foto bo) met die oog op die nuwe Paleontologie-uitstalling.

# SPORE VAN LANK GELEDE



'n Amateur-paleontoloog van Middelburg, K.P., Mnr Louis Botha (foto regs) het aan die begin van die jaar 'n belangrike ontdekking in sy omgewing gemaak. Dit was naamlik 'n reeks spore van 'n krokodilagtige reptiel wat ouer is as dié van die dinosouriers. Dit is maar die tweede keer dat spore van hierdie ouderdom (220 miljoen jaar) in Suid-Afrika gevind word. Die eerste vonds is sedertdien deur padmakers vernietig, wat beteken dat die nuwe vonds enig van sy soort is.

## DIE PALEONTOLOGIESE VERENIGING VAN SUIDER-AFRIKA

Diegene wat belangstel in fossiele sal seker met vreugde kennis neem van die feit dat daar verlede jaar 'n Paleontologiese Vereniging tot stand gekom het. Die Vereniging publiseer 'n ses-maandelikse nuusbrief, waarvan die eerste twee uitgawes reeds verskyn het, en verwelkom amateurlede. Ledegeld bedra R5-00 per jaar per persoon (R3-00 vir studente en skoliere). Daar word ook in die vooruitsig gestel om 'n reeks inleidende artikels van populêr-wetenskaplike aard oor die fossielerykdom van Suid-Afrika binne die volgende jaar of twee te publiseer.

Indien u sou belangstel om meer te wete te kom oor die doelstellings en werksaamhede van die Vereniging, vul die onderstaande vormpie in en stuur aan:
Die Paleontologiese Vereniging, p/a Die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300.

## PALEONTOLOGIESE VERENIGING

Ek stel belang in die werksaamhede van die Vereniging en sal graag meer besonderhede wil ontvang:

Titel & Naam: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Adres: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
Beroep: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .